STAATSKOERANT
VAN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

REPUBLIC OF SOUTH AFRICA
GOVERNMENT GAZETTE

As 'n Nuusblad by die Poskantoor Geregistreer

PRYS 20c PRICE
OORSEE 30c OVERSEAS
POSVRY — POST FREE

Registered at the Post Office as a Newspaper

VOL. 104] PRETORIA, 8 FEBRUARIE / 8 FEBRUARY 1974 [No. 4158

PROKLAMASIE

van die Staatspresident van die Republiek van Suid-Afrika

No. 15, 1974

INSTELLING VAN 'N BEROEPSRAAD VIR SIELKUNDE

Kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel 13A (2) van die Wet op Geneeshere, Tandartse en Aptekers, 1928 (Wet 13 van 1928), en na oorweging van 'n aanbeveling van die Suid-Afrikaanse Geneeskundige en Tandheelkundige Raad, stel ek hierby in 'n beroepsraad wat as die Beroepsraad vir Sielkunde bekend sal staan en wat behoudens die bepalings van artikel 13A (3) (i) en (iii) bestaan uit persone wie se name verskyn op die registers van sielkundiges of psigotegnici wat kragtens artikel 32 van genoemde Wet gehou word.

Gegee onder my Hand en die Seël van die Republiek van Suid-Afrika te Kaapstad, op hede die Twee-en-twintigste dag van Januarie Eenduisend Negehonderd Vier-en-sewentig.

J. J. FOUCHÉ, Staatspresident.

Op las van die Staatspresident-in-rade:

S. W. VAN DER MERWE.

PROCLAMATION

by the State President of the Republic of South Africa

No. 15, 1974

ESTABLISHMENT OF A PROFESSIONAL BOARD FOR PSYCHOLOGY

Under the powers vested in me by section 13A (2) of the Medical, Dental and Pharmacy Act, 1928 (Act 13 of 1928), and after considering a recommendation of the South African Medical and Dental Council, I hereby establish a professional board to be known as the Professional Board for Psychology which shall, subject to the provisions of section 13A (3) (i) and (iii) consist of persons whose names appear on the register of psychologists or psycho-technicians kept under section 32 of the said Act.

Given under my Hand and the Seal of the Republic of South Africa at Cape Town this Twenty-second day of January, One thousand Nine hundred and Seventy-four.

J. J. FOUCHÉ, State President.

By Order of the State President-in-Council:

S. W. VAN DER MERWE.

GOEWERMENTSKENNISGEWINGS

DEPARTEMENT VAN BINNELANDSE SAKE

No. 173 8 Februarie 1974

WET OP PUBLIKASIES EN VERMAAKLIKHEDE, 1963.—ONGEWENSTE PUBLIKASIES EN VOORWERPE—LYS A335

Die Raad van Beheer oor Publikasies het kragtens die bevoegdheid hom verleen by artikel 8 van die Wet op Publikasies en Vermaaklikhede, 1963 (Wet 26 van 1963), die onderstaande publikasies en/of voorwerpe as ongewens verklaar:

Publikasies/Publications

1. *Acapulco*—Burt Hirschfeld.
2. *Black Gunn*—Larry Pryce.
3. *Making of the Happy Hooker, The*—Robin Moore.
4. *Michelle*—Barney Parris.
5. *Moscow Nights*—Vlas Tenin.

GOVERNMENT NOTICES

DEPARTMENT OF THE INTERIOR

No. 173 8 February 1974

PUBLICATIONS AND ENTERTAINMENTS ACT, 1963.—UNDESIRABLE PUBLICATIONS AND OBJECTS—LIST A335

The Publications Control Board has by virtue of the power vested in it by section 8 of the Publications and Entertainments Act, 1963 (Act 26 of 1963), declared the undermentioned publications and/or objects to be undesirable:

6. *North Dallas Forty*—Peter Gent.
7. *Pleasure Hunters, The*—Irving A. Greenfield.
8. *Signs and Portents*—Al Hine.
9. *Virginia Fly is Drowning*—Angela Huth.
10. *Young Doctors, The*—Adrian Gray.

No. 176 8 Februarie 1974

DOEANE- EN AKSYNSWET, 1964.—ONBETAAMLIKE, ONWELVOEGLIKE EN AANSTOOTLIKE GOEDERE—LYS B322

Die Raad van Beheer oor Publikasies het kragtens die bevoegdheid hom verleen by subartikel (3) (a) van artikel 113 van die Doeane- en Aksynswet, 1964 (Wet 91 van 1964), beslis dat die onderstaande goedere aanstootlik is:

Publikasies/Publications

1. *Bawd's Footman, The*—Roger Bowdler.
2. *Bedroom Mazurka*—Soya.
3. *Black Comic Book, The*—Sid Jacobson & Ernie Colón.
4. *Blue Murder*—Brett Halliday.
5. *Classic Nude, The*—George M. Hester.
6. *Garden of Evil, The*—Octave Mirbeau.
7. *Incredible Brazilian, The*—Zulfikar Ghose.
8. *Jongen en Meisje/Man en Vrouw*—Bent H. Claësson.
9. *Korean Book*—Entitled *The Great Leader.*
10. *Leviné—The Life of a Revolutionary*—Rosa Leviné-Meyer.
11. *Massage Girls, The*—J. J. More.
12. *Tobin on Safari*—Stanley Morgan.
13. *Twosome Plus*—A Guide to cohabitation with exercises—Barrie & Charlotte Hopson.
14. *What God Could Do If He Only Had Money*—Mort Green and Dave Smith.
15. *Witchcraft*—Eric Maple.

No. 176 8 February 1974

CUSTOMS AND EXCISE ACT, 1964.—INDECENT, OBSCENE AND OBJECTIONABLE GOODS—LIST B322

The Publications Control Board has by virtue of the powers vested in it by subsection (3) (a) of section 113 of the Customs and Excise Act, 1964 (Act 91 of 1964), declared that the undermentioned goods are objectionable:

Tydskrifte/Magazines

16. *Cosmopolitan,* July 1973. Gepubliseer deur/Published by National Magazine Co. Ltd., London.
17. *Cosmopolitan,* August 1973. Gepubliseer deur/Published by National Magazine Co. Ltd., London.
18. *Cosmopolitan,* October 1973. Gepubliseer deur/Published by National Magazine Co. Ltd., London.
19. *Focus*—Posing and Anatomy, No. 21. Gepubliseer deur/Published by Geo Jordan, London.
20. *Gay News,* No. 34, 18-31 October. Gepubliseer deur/Published by Gay News Ltd., London.
21. *Privé,* No. 2, Decembre 1973. Gepubliseer deur/Published by Jean-Quentin Gérard.
22. *SLR Camera,* December 1973, Vol. 7, No. 7. Gepubliseer deur/Published by Haymarket Publishing Ltd., London.
23. *U.S. Camera/Camera Annual* 35, Personal Pictures. Gepubliseer deur/Published by American Express Publishing Corp., New York.

No. 177 8 Februarie 1974

DOEANE- EN AKSYNSWET, 1964.—ONBETAAMLIKE, ONWELVOEGLIKE EN AANSTOOTLIKE GOEDERE—LYS C165

Die Raad van Beheer oor Publikasies het kragtens die bevoegdheid hom verleen by subartikel (3) (b) van artikel 113 van die Doeane- en Aksynswet, 1964 (Wet 91 van 1964), beslis dat die onderstaande goedere aanstootlik is:

Tydskrifte/Magazines

1. *Cosmopolitan,* November 1973. Gepubliseer deur/Published by National Magazine Co. Ltd., London (en alle daaropvolgende uitgawes/and all ensuing editions).
2. *Lui,* No. 119, Décembre 1973. Gedruk in Frankryk/Printed in France (en alle daaropvolgende uitgawes/and all ensuing editions).

No. 177 8 February 1974

CUSTOMS AND EXCISE ACT, 1964.—INDECENT, OBSCENE AND OBJECTIONABLE GOODS—LIST C165

The Publications Control Board has by virtue of the powers vested in it by subsection (3) (b) of section 113 of the Customs and Excise Act, 1964 (Act 91 of 1964), decided that the undermentioned goods are objectionable:

3. *Moi,* Nr. 31, 1973. Gepubliseer deur/Published by Paris Internationale Presse, Paris (en alle daaropvolgende uitgawes/and all ensuing editions).

8—15

No. 187 8 Februarie 1974

WET OP PUBLIKASIES EN VERMAAKLIKHEDE, 1963.—ONGEWENSTE PUBLIKASIES EN VOORWERPE—LYS A336

Die Raad van Beheer oor Publikasies het kragtens die bevoegdheid hom verleen by artikel 8 van die Wet op Publikasies en Vermaaklikhede, 1963 (Wet 26 van 1963), die onderstaande publikasies en/of voorwerpe as ongewens verklaar:

Publikasies/Publications

1. *Aphros*—Froma Sand.
2. *Barracudas, The*—Keefe Brasselle.
3. *Howard Street*—Nathan C. Heard.
4. *P.A.C. in Perspective—Mangaliso Sobukwe in May* 1959. Gepubliseer deur/Published by Pan Africanist Congress of Azania, London.

No. 187 8 February 1974

PUBLICATIONS AND ENTERTAINMENTS ACT, 1963.—UNDESIRABLE PUBLICATIONS AND OBJECTS—LIST A336

The Publications Control Board has by virtue of the power vested in it by section 8 of the Publications and Entertainments Act, 1963 (Act 26 of 1963), declared the undermentioned publications and/or objects to be undesirable:

5. *Poster Art of Tomi Ungerer, The*—Jack Rennert.

Kalender/Calendar

6. 1974 *Playboy Playmate Desk Calendar.* Gepubliseer deur/Published by Playboy. Gedruk in V.S.A./Printed in U.S.A.
7. 1974 *Playboy Playmate Calendar.* Gepubliseer deur/Published by Playboy. Gedruk in V.S.A./Printed in U.S.A.

No. 188 8 Februarie 1974

DOEANE- EN AKSYNSWET, 1964.—ONBETAAMLIKE, ONWELVOEGLIKE EN AANSTOOTLIKE GOEDERE—LYS B323

Die Raad van Beheer oor Publikasies het kragtens die bevoegdheid hom verleen by subartikel (3) (a) van artikel 113 van die Doeane- en Aksynswet, 1964 (Wet 91 van 1964), beslis dat die onderstaande goedere aanstootlik is:

Publikasies/Publications

1. *Aleister Crowley & The Hidden God*—Kenneth Grant.
2. *Christopher Logue's True Stories From Private Eye*—Bert Kitchen.
3. *Congres National African L'Apartheid et la France* 1958-1973.
4. *Tomorrow The Apricots*—Douglas Hayes.
5. *Gujarati Booklet, No.* 1 (*Love and Marriage*).
6. *Gujarati Booklet, No.* 2 (*Love and Marriage*).
7. *Hide and Seek*—Dennis Potter.
8. *Korean Book*—(Written in Korean, entitled *"The Teachings of Comrade Kim Il Sung"*).

No. 188 8 February 1974

CUSTOMS AND EXCISE ACT, 1964.—INDECENT, OBSCENE AND OBJECTIONABLE GOODS—LIST B323

The Publications Control Board has by virtue of the powers vested in it by subsection (3) (a) of section 113 of the Customs and Excise Act, 1964 (Act 91 of 1964), declared that the undermentioned goods are objectionable:

Tydskrifte/Magazines

9. *Alpha*, No. 1. Gepubliseer deur/Published by Alphabetic Editions Ltd., London.
10. *Focus*, No. 28, Male Nudes. Gepubliseer deur/Published by Geo Jordan, London.
11. *Nova*, January 1974. Gepubliseer deur/Published by IPC Magazines, Ltd., London.

Grammofoonplaat/Gramophone Record

12. *Godspel*, Bel 1102 Stereo. A Musical Based Upon the Gospel According to St Matthew. Vervaardig deur/Produced by Bell Records, New York.

No. 189 8 Februarie 1974

DOEANE- EN AKSYNSWET, 1964.—ONBETAAMLIKE, ONWELVOEGLIKE EN AANSTOOTLIKE GOEDERE—LYS C166

Die Raad van Beheer oor Publikasies het kragtens die bevoegdheid hom verleen by subartikel (3) (b) van artikel 113 van die Doeane- en Aksynswet, 1964 (Wet 91 van 1964), beslis dat die onderstaande goedere aanstootlik is:

Tydskrifte/Magazines

1. *Africanist News and Views* April/May 1973 (en alle daaropvolgende uitgawes/and all ensuing editions).

No. 189 8 February 1974

CUSTOMS AND EXCISE ACT, 1964.—INDECENT, OBSCENE AND OBJECTIONABLE GOODS—LIST C166

The Publications Control Board has by virtue of the powers vested in it by subsection (3) (b) of section 113 of the Customs and Excise Act, 1964 (Act 91 of 1964), decided that the undermentioned goods are objectionable:

2. *Kalahari Post*, Vol. 6, Nos. 9-10, September/October 1973. Gepubliseer deur/Published by South West Africa People's Organisation of Namibia, London (en alle daaropvolgende uitgawes/and all ensuing editions).

8—15

DEPARTEMENT VAN BUITELANDSE SAKE

No. 181 8 Februarie 1974

Hierby word bekendgemaak dat Sy Eksellensie mnr. Juan Ramon Parellada y Soteras om 12-uur middag op Vrydag, 18 Januarie 1974, te Tuynhuys, Kaapstad, deur die Staatspresident ontvang is en dat hy by daardie geleentheid sy Geloofsbrief as Buitengewone en Gevolmagtigde Ambassadeur van Spanje in die Republiek van Suid-Afrika oorhandig het.

No. 182 8 Februarie 1974

Hierby word bekendgemaak dat mnr. Jan Hendrik Visse op Vrydag, 18 Januarie 1974, deur die President van Switserland ontvang is en dat hy by daardie geleentheid sy Geloofsbrief as Buitengewone en Gevolmagtigde Ambassadeur van die Republiek van Suid-Afrika in Switserland oorhandig het.

No. 183 8 Februarie 1974

Hierby word bekendgemaak dat aan dr. Antonio Telo Moreira de Almeida de Magalhães Colaço met ingang van 10 November 1973 erkenning verleen is as Konsul-generaal van Portugal in Kaapstad met die provinsie die Kaap die Goeie Hoop, met uitsondering van die dorp en distrik Walvisbaai, as sy regsgebied. Dit is 'n nuwe pos by die Konsulaat-generaal wat voorheen 'n konsulaat was.

DEPARTMENT OF FOREIGN AFFAIRS

No. 181 8 February 1974

It is hereby notified that His Excellency Mr Juan Ramon Parellada y Soteras was received by the State President at Tuynhuys, Cape Town, at 12 noon on Friday, 18 January 1974, on which occasion he presented his Letter of Credence as Ambassador Extraordinary and Plenipotentiary of Spain to the Republic of South Africa.

No. 182 8 February 1974

It is hereby notified that Mr Jan Hendrik Visse was received by the President of Switzerland on Friday, 18 January 1974, on which occasion he presented his Letter of Credence as Ambassador Extraordinary and Plenipotentiary of the Republic of South Africa to Switzerland.

No. 183 8 February 1974

It is hereby notified that with effect from 10 November 1973 recognition has been granted to Dr Antonio Telo Moreira de Almeida de Magalhães Colaço as Consul-General of Portugal in Cape Town with the Province of the Cape of Good Hope, excluding the Town and District of Walvis Bay, as his area of jurisdiction. This is a new post at the Consulate-General which had previously been a consulate.

DEPARTEMENT VAN FINANSIES

No. 184 8 Februarie 1974

Hierby word bekendgemaak dat die oordragboeke van ondergenoemde plaaslike geregistreerde effekte van 15 Februarie 1974 tot en met 15 Maart 1974 gesluit sal wees en dat die rente betaalbaar op 15 Maart 1974 aan die effektebesitters wat op die datum van sluiting van die oordragboeke geregistreer is, betaal sal word:

Binnelandse Geregistreerde Effekte, 8⅛ Persent, 1995.
Binnelandse Geregistreerde Effekte, 7¾ Persent, 1998.

DEPARTMENT OF FINANCE

No. 184 8 February 1974

Notice is hereby given that the transfer books of the undermentioned internal registered stocks will be closed from 15 February 1974 to 15 March 1974, both days inclusive, and that the interest due on 15 March 1974 will be paid to the stockholders registered at the date of the closing of the transfer books:

Internal Registered Stock, 8⅛ Per Cent, 1995.
Internal Registered Stock, 7¾ Per Cent, 1998.

DEPARTEMENT VAN GESONDHEID

No. 167 8 Februarie 1974

DIE SUID-AFRIKAANSE GENEESKUNDIGE EN TANDHEELKUNDIGE RAAD

Dit het die Staatspresident behaag om kragtens die bevoegdheid hom verleen by artikel 13A (2) van die Wet op Geneeshere, Tandartse en Aptekers, 1928 (Wet 13 van 1928), soos gewysig, en na oorweging van 'n aanbeveling van die Suid-Afrikaanse Geneeskundige en Tandheelkundige Raad, die volgende regulasies betreffende die samestelling, bevoegdhede, werksaamhede en pligte van die Beroepsraad vir Sielkunde uit te vaardig:

REGULASIES BETREFFENDE DIE SAMESTELLING, BEVOEGDHEDE, WERKSAAMHEDE EN PLIGTE VAN DIE BEROEPSRAAD VIR SIELKUNDE

Die regulasies is verdeel in hoofstukke wat betrekking het op onderskeidelik die volgende aangeleenthede:

Hoofstuk I—Samestelling van die Beroepsraad.
Hoofstuk II—Bevoegdhede van die Beroepsraad.
Hoofstuk III—Werksaamhede en pligte van die Beroepsraad.

Woordomskrywing

1. In hierdie regulasies beteken—

"Beroepsraad" die Beroepsraad vir Sielkunde ingevolge Proklamasie 15 van 1974 ingestel;
"Raad" die Suid-Afrikaanse Geneeskundige en Tandheelkundige Raad;
"Wet" die Wet op Geneeshere, Tandartse en Aptekers, 1928 (Wet 13 van 1928), soos gewysig.

I. *Samestelling van die Beroepsraad*

2. Die Beroepsraad bestaan uit nege lede en word soos volg saamgestel:

(a) Twee lede deur die Raad aangestel, wat lede van die Raad is;
(b) ses persone verkies deur die persone wie se name verskyn op die registers van sielkundiges en psigotegnici, wat ingevolge artikel 32 van die Wet gehou word; sodanige verkiesing word deur die Raad gehou en lede word verkies vir 'n tydperk van vyf jaar, na verloop van welke tydperk lede hulle amp ontruim: Met dien verstande dat sodanige lede herkiesbaar is;
(c) een persoon deur die Raad aangestel, wat 'n geneesheer of tandarts is en wat besondere kennis van sielkunde dra.

II. *Bevoegdhede van die Beroepsraad*

3. Die Beroepsraad kan—

(a) tot, of deur bemiddeling van, die Raad vertoë rig vir die uitvaardiging, wysiging of intrekking van enige regulasie of reël wat op die Beroepsraad of op sielkunde van toepassing is;
(b) deur bemiddeling van die Raad vertoë tot die Staatspresident rig met betrekking tot die omskrywing van die omvang van sielkunde indien die Raad, ingevolge artikel 39A van die Wet, by die Staatspresident sou aanbeveel dat die omvang van sielkunde

DEPARTMENT OF HEALTH

No. 167 8 February 1974

THE SOUTH AFRICAN MEDICAL AND DENTAL COUNCIL

The State President has been pleased, under the powers vested in him by section 13A (2) of the Medical, Dental and Pharmacy Act, 1928 (Act 13 of 1928), as amended, and after considering a recommendation of the South African Medical and Dental Council, to make the following regulations regarding the constitution, functions, powers and duties of the Professional Board for Psychology:

REGULATIONS REGARDING THE CONSTITUTION, FUNCTIONS, POWERS AND DUTIES OF THE PROFESSIONAL BOARD FOR PSYCHOLOGY

The regulations are divided into chapters, which relate to the following matters respectively:

Chapter I—Constitution of the Professional Board.
Chapter II—Powers of the Professional Board.
Chapter III—Functions and Duties of the Professional Board.

Definitions

1. In these regulations—

"Professional Board" means the Professional Board for Psychology established under Proclamation 15 of 1974;
"Council" means the South African Medical and Dental Council;
"Act" means the Medical, Dental and Pharmacy Act, 1928 (Act 13 of 1928), as amended.

I. *Constitution of the Professional Board*

2. The Professional Board shall consist of nine members and shall comprise—

(a) two persons appointed by the Council, who shall be members of the Council;
(b) six persons elected by the persons whose names appear on the registers of psychologists and psychotechnicians kept under section 32 of the Act; such election shall be conducted by the Council, and members shall be elected for a period of five years, at the end of which period they shall vacate office: Provided that they shall be eligible for re-election;
(c) one person, appointed by the Council, who shall be a medical practitioner or dentist and who shall have special knowledge of psychology.

II. *Powers of the Professional Board*

3. The Professional Board may—

(a) make, to or through the Council, representations for the making, amendment or withdrawal of any regulation or rule which applies to the Professional Board or to psychology;
(b) submit, through the Council, to the State President representations in regard to the definition of the scope of psychology should the Council recommend, in terms of section 39A of the Act, to the State President that the scope of psychology be defined by

omskryf word deur die handelinge te bepaal wat vir die toepassing van die Wet geag word handelinge te wees wat tot sielkunde behoort;

(c) ondersoek instel na 'n klagte, beskuldiging of bewering teen 'n persoon wat kragtens artikel 32 van die Wet as sielkundige of psigotegnikus geregistreer is, van onbehoorlike gedrag of skandelike gedrag of gedrag wat, met die oog op daardie persoon se beroep, onbehoorlik of skandelik is;

(d) 'n ondersoek ingevolge die bepalings van artikel 81 van die Wet hou ten opsigte van 'n persoon wat kragtens artikel 32 van die Wet as sielkundige of psigotegnikus geregistreer is, wanneer dit vir die Beroepsraad blyk dat sodanige persoon—

(i) verstandelik of liggaamlik in so 'n mate onbekwaam geword het dat dit met die openbare welsyn in stryd sou wees om hom toe te laat om sy praktyk voort te sit;

(ii) gewoontevormende medisyne gereeld andersins as vir geneeskundige doeleindes gebruik het; of

(iii) aan die gebruik van gewoontevormende of moontlik nadelige middels verslaaf geraak het.

III. *Werksaamhede en Pligte van die Beroepsraad*

4. Dit is die plig van die Beroepsraad om—

(a) 'n hoë peil van professionele onderrig en professionele gedrag by lede van die beroep sielkunde te bevorder;

(b) aan die Raad verslag te doen oor enige aangeleentheid rakende sielkunde wat deur die Raad na hom verwys word;

(c) die Raad te adviseer aangaande die skrapping, kragtens die bepalings van artikel 17 of 32A van die Wet, van die naam van enige persoon uit die registers van sielkundiges of psigotegnici wat kragtens artikel 32 gehou word;

(d) aanbevelings by die Raad te doen in verband met die erkenning van inrigtings vir die praktiese opleiding vir sielkundiges of psigotegnici voorgeskryf en in verband met die erkenning van kwalifikasies van persone wat aansoek om registrasie as sielkundige of psigotegnikus ingevolge artikel 32 doen;

(e) die Raad te adviseer aangaande die voorskryf van handelinge of versuime waarvan kragtens artikel 46A van die Wet kennis geneem kan word in die geval van persone wat kragtens die bepalings van artikel 32 van die Wet as sielkundiges of psigotegnici geregistreer is;

(f) die Raad te adviseer, in die geval van 'n rekening gelewer deur 'n persoon wat ingevolge artikel 32 van die Wet as sielkundige of psigotegnikus geregistreer is, betreffende die vasstelling van die bedrag wat gevorder behoort te gewees het ten opsigte van die dienste waarop die rekening betrekking het, indien 'n aansoek om sodanige vasstelling ingevolge artikel 80*bis* van die Wet gedoen word;

(g) die Raad te adviseer aangaande die voorskryf van gelde wat jaarliks aan die Raad betaal moet word deur alle persone wat ingevolge artikel 32 van die Wet as sielkundiges of psigotegnici geregistreer is.

DEPARTEMENT VAN JUSTISIE

No. 171 8 Februarie 1974

VERBETERINGSKENNISGEWING

Dit word vir algemene inligting bekendgemaak dat die nommer van Goewermentskennisgewing 137 gepubliseer op bladsy 3 van *Staatskoerant* 4152 van 1 Februarie 1974 foutief is en moet lees 139.

specifying the acts which shall for the purposes of the application of the Act be deemed to be acts pertaining to psychology;

(c) enquire into any complaint, charge or allegation against any person registered under section 32 of the Act as a psychologist or psycho-technician, of improper conduct or disgraceful conduct or conduct which, when regard is had to such person's profession, is improper or disgraceful;

(d) hold an enquiry, under the provisions of section 81 of the Act, in respect of a person registered as a psychologist or psycho-technician under section 32 of the Act whenever it appears to the Professional Board that such a person—

(i) has become mentally or physically disabled to such an extent that it would be contrary to the public welfare to allow him to continue to practise;

(ii) has been using a habit-forming drug regularly for purposes other than medicinal purposes; or

(iii) has become addicted to the use of any habit-forming or potentially harmful drug.

III. *Functions and Duties of the Professional Board*

4. It shall be the duty of the Professional Board to—

(a) promote high standards of professional education and professional conduct among the members of the profession of psychology;

(b) report to the Council on any matter affecting psychology referred to it by the Council;

(c) advise the Council on the erasure under the provisions of section 17 or 32 of the Act, the name of any person from the registers of psychologists or psycho-technicians kept under section 32;

(d) make recommendations to the Council in regard to the recognition of institutions for the practical training prescribed for psychologists and psycho-technicians, and in regard to the recognition of qualifications of persons who apply for registration as psychologists or psycho-technicians in terms of section 32 of the Act;

(e) advise the Council concerning the prescribing of acts or omissions of which cognizance may be taken under section 46A of the Act, in respect of persons registered as psychologists or psycho-technicians under section 32 of the Act;

(f) advise the Council, in the case of an account rendered by a person registered as a psychologist or psycho-technician under section 32 of the Act, in regard to the determination of the amount which should have been charged in respect of the services to which such account relates, should an application for such determination be made in terms of section 80*bis* of the Act;

(g) advise the Council concerning the prescribing of a fee to be paid annually to the Council by all persons registered as psychologists or psycho-technicians under section 32 of the Act.

DEPARTMENT OF JUSTICE

No. 171 8 February 1974

CORRECTION NOTICE

It is notified for general information that the number of Government Notice 137, published on page 3 of *Government Gazette* 4152 of 1 February 1974 is erroneous and should read 139.

DEPARTEMENT VAN MYNWESE

No. 163 8 Februarie 1974

STAATSGROND ONTTREK AAN OPENBARE PROSPEKTERING

Die Minister van Mynwese het kragtens artikel 10 (1) van die Wet op Mynregte, 1967 (Wet 20 van 1967), sekere grond waarvan besonderhede in die bygaande Bylae voorkom, met ingang van die datum van publikasie hiervan in die *Staatskoerant* aan openbare prospektering na edelmetale en onedele minerale onttrek.

(17/3/22)

BYLAE

Beskrywing van grond	*Grootte (in hektaar)*
(i) Onopgemete grond, ongeveer	31 023,00
(ii) Matlicatt of Muzia Fera 25 LT	1 024,132 4
(iii) Middelplaats 59 LT	1 251,100 6
(iv) Nieuwvlakte 58 LT, distrik Sibasa	957,101 7
(v) Gedeelte van Vlakfontein 194 LT, distrik Letaba, myndistrik Pietersburg, provinsie Transvaal, soos aangedui op sketskaart R.M.T. No. R. 54/73	1 232,000 0

No. 164 8 Februarie 1974

ONTTREKKING VAN GROND AAN DIE AFPENNING VAN KLEIMS

Die Minister van Mynwese het die stukke geproklameerde grond, waarvan die besonderhede in bygaande Bylae verskyn, kragtens artikel 41 (3) van die Wet op Mynregte, 1967 (Wet 20 van 1967), met ingang van die datum van publikasie hiervan in die *Staatskoerant* aan die afpenning van kleims deur die publiek onttrek:

BYLAE

Beskrywing van grond	*Grootte, hektaar*
(1) Onopgemete, grond, ongeveer	301 893 000 0
(2) Bennett 282 MT	953 916 8
(3) Morgan 283 MT	849 632 6
(4) Viljoen 284 MT	828 766 0
(5) Roodhuis 285 MT	957 342 9
(6) Graham 276 MT	1 244 572 4
(7) Lock 270 MT	1 393 856 0
(8) Ross 265 MT	994 308 0
(9) Baker 264 MT	751 958 0
(10) Farmer 263 MT	817 255 7
(11) Bannatyne 271 MT	1 030,794 9
(12) Hattingh 275 MT	1 192,578 0
(13) Briggs 289 MT	1 423,965 9
(14) Zeederberg 288 MT	1 591,470 8
(15) Jerome 287 MT	1 982,353 3
(16) Lith 291 MT	1 529,534 9
(17) Green 290 MT	1 904,847 2
(18) Pagelee 274 MT	1 545,434 9
(19) Johnston 272 MT	1 285,313 3
(20) Kluster 293 MT, en	1 748,705 7
(21) Albasini 292 MT, distrik Sibasa; en	1 516,031 7
(22) Sendedzane 200 MT, distrik Zoutpansberg, myndistrik Pietersburg, provinsie Transvaal, soos aangedui op sketskaart R.M.T. R. 53/73.	1 035 191 4

DEPARTMENT OF MINES

No. 163 8 February 1974

STATE LAND WITHDRAWN FROM PUBLIC PROSPECTING

The Minister of Mines has, in terms of section 10 (1) of the Mining Rights Act, 1967 (Act 20 of 1967), and with effect from the date of publication hereof in the *Government Gazette*, withdrawn from public prospecting for precious metals and base minerals certain land, details of which appear in the attached Schedule.

(17/3/22)

SCHEDULE

Description of land	*Extent (in hectares)*
(i) Unsurveyed land, approximately	31 023,00
(ii) Matlicatt or Muzia Fera 25 LT	1 024,132 4
(iii) Middelplaats 59 LT	1 251,100 6
(iv) Nieuwvlakte 58 LT, District of Sibasa	957,101 7
(v) Portion of Vlakfontein 194 LT, District of Letaba, Mining District of Pietersburg, Province of the Transvaal, as shown on sketch plan R.M.T. No. R. 54/73	1 232,000 0

No. 164 8 February 1974

WITHDRAWAL OF LAND FROM THE PEGGING OF CLAIMS

The Minister of Mines has, in terms of section 41 (3) of the Mining Rights Act, 1967 (Act 20 of 1967), withdrawn the areas of proclaimed land, details of which appear in the attached Schedule, from the pegging of claims by the public as from the date of publication hereof in the *Government Gazette:*

SCHEDULE

Description of land	*Extent, hectares*
(1) Unsurveyed land, approximately	301 893,000 0
(2) Bennett 282 MT	953 916 8
(3) Morgan 283 MT	849 632 6
(4) Viljoen 284 MT	828 766 0
(5) Roodhuis 285 MT	957 342 9
(6) Graham 276 MT	1 244,572 4
(7) Lock 270 MT	1 393,856 0
(8) Ross 265 MT	994 308 0
(9) Baker 264 MT	751 958 0
(10) Farmer 263 MT	817 255 7
(11) Bannatyne 271 MT	1 030,794 9
(12) Hattingh 275 MT	1 192,578 0
(13) Briggs 289 MT	1 423,965 9
(14) Zeederberg 288 MT	1 591,470 8
(15) Jerome 287 MT	1 982,353 3
(16) Lith 291 MT	1 529,534 9
(17) Green 290 MT	1 904,847 2
(18) Pagelee 274 MT	1 545,434 9
(19) Johnston 272 MT	1 285,313 3
(20) Kluster 293 MT, and	1 748,705 7
(21) Albasini 292 MT, District of Sibasa; and	1 516 031 7
(22) Sendedzane 200 MT, District of Zoutpansberg, Mining District of Pietersburg, Province of the Transvaal, as shown on sketch plan R.M.T. R. 53/73	1 035,191 4

DEPARTEMENT VAN NASIONALE OPVOEDING

No. 168 8 Februarie 1974

WYSIGING VAN GOEWERMENTSKENNISGEWING 932 VAN 2 JUNIE 1972.—ARTIKEL 10 (2) VAN WET 28 VAN 1969

Kragtens artikel 10 (2) van die Wet op Nasionale Gedenkwaardighede, 1969 (Wet 28 van 1969), wysig ek, Johannes Petrus van der Spuy, Minister van Nasionale Opvoeding, hierby Goewermentskennisgewing 932 van 2 Junie 1972 om die grond en geboue hieronder aangedui daarby in te sluit:

Beskrywing

Die kleiner woonhuis aan die Paarlse kant en die pakhuis aan die Franschhoekse kant van die hoofwoonhuis wat by Goewermentskennisgewing 932 van 2 Junie 1972

DEPARTMENT OF NATIONAL EDUCATION

No. 168 8 February 1974

AMENDMENT OF GOVERNMENT NOTICE 932 OF 2 JUNE 1972.—SECTION 10 (2) OF ACT 28 OF 1969

In terms of section 10 (2) of the National Monuments Act, 1969 (Act 28 of 1969), I, Johannes Petrus van der Spuy, Minister of National Education, hereby amend Government Notice 932 of 2 June 1972 so as to include the buildings and land mentioned below:

Description

The smaller dwelling on the Paarl side and the storehouse on the Franschhoek side of the main dwelling which was declared a national monument by Government

tot nasionale gedenkwaardigheid verklaar is, tesame met 'n reghoekige stuk grond waarvan geen grens minder as 30 meter van 'n buitemuur van die genoemde geboue is nie.

Historiese en Argitektoniese Belang

Hierdie buitegeboue vorm 'n integrerende deel van die hoofwoonhuis.

J. P. VAN DER SPUY, Minister van Nasionale Opvoeding.

No. 170 8 Februarie 1974

VERBETERING

WET OP DIE NASIONALE ONDERWYSBELEID, 1967.—ONDERWYSERSOPLEIDING

Goewermentskennisgewing 2407 wat in *Staatskoerant* 4102 van 14 Desember 1973 verskyn het, moet verbeter word deur in die Engelse teks die woorde "for the first time" na die woord "courses" aan die einde van die kennisgewing by te voeg.

DEPARTEMENT VAN DIE SUID-AFRIKAANSE POLISIE

No. 169 8 Februarie 1974

WYSIGING VAN DIE REGULASIES VIR DIE SUID-AFRIKAANSE POLISIE

Dit het die Staatspresident behaag om kragtens artikel 33 van die Polisiewet, 1958 (Wet 7 van 1958), sy goedkeuring te heg aan onderstaande wysiging van die Regulasies vir die Suid-Afrikaanse Polisie, soos gepubliseer by Goewermentskennisgewing R. 203 in *Buitengewone Staatskoerant* 719 (Regulasiekoerant 299) van 14 Februarie 1964, en later gewysig.

Regulasie 1 (1) (xl): Voeg nuwe subparagraaf (c) by:

"(c) 'n Saterdag in die geval van 'n lid wat 'n volwaardige vyfdaagse werkweek nakom."

DEPARTEMENT VAN SPORT EN ONTSPANNING

No. 165 8 Februarie 1974

Hierby word bekendgemaak dat die Staatspresident ingevolge Reël 6 van die reëls met betrekking tot die toekenning van die Staatspresident-Sporttoekenning goedgekeur het dat ondergenoemde Suid-Afrikaanse sportvrou en sportmanne, ter erkenning van hul voortreflike prestasies op sportgebied, genoemde toekenning vir 1973 ontvang:

Marcello Luigi Fiasconaro: Atletiek.
Daniël Johannes Malan: Atletiek.
Arnold Theodore Taylor: Boks.
Josias Andries Engelbrecht: Hengel.
Joyce Gonda Betrix: Ruitersport.

ALGEMENE KENNISGEWINGS

KENNISGEWING 76 VAN 1974

WET OP GEMEENSKAPSONTWIKKELING, 1966

KENNISGEWING INGEVOLGE REGULASIE 3 (3) VAN DIE REGULASIE KRAGTENS GOEWERMENTSKENNISGEWING R. 1247 VAN 19 AUGUSTUS 1966

Kennisgewing geskied hiermee dat—

(a) die lys van geaffekteerde eiendomme vir die groepsgebied Kimberley (Indiër) in die distrik Kimberley, provinsie Kaap en soos omskryf in die

Notice 932 of 2 June 1972, together with a rectangular piece of land no boundary of which is less than 30 metres from an outer wall of the said buildings.

Historical and Architectural Interest

These outbuildings form an integral part of the main dwelling.

J. P. VAN DER SPUY, Minister of National Education.

No. 170 8 February 1974

CORRECTION

NATIONAL EDUCATION POLICY ACT, 1967.—TEACHER TRAINING

Government Notice 2407 published in *Government Gazette* 4102 of 14 December 1973 is to be corrected by the addition in the English text of the words "for the first time" after the word "courses" at the end of the notice.

DEPARTMENT OF THE SOUTH AFRICAN POLICE

No. 169 8 February 1974

AMENDMENT TO THE REGULATIONS FOR THE SOUTH AFRICAN POLICE

The State President has been pleased, under section 33 of the Police Act, 1958 (Act 7 of 1958), to approve the following amendment to the Regulations for the South African Police, as published under Government Notice R. 203 in *Government Gazette* (*Extraordinary*) 719 (Regulation Gazette 299) of 14 February 1964, and subsequently amended.

Regulation 1 (1) (ix): Add new subparagraph (c):

"(c) A Saturday in the case of a member who observes a full-scale five-day working week."

DEPARTMENT OF SPORT AND RECREATION

No. 165 8 February 1974

It is hereby notified that the State President has, in terms of Rule 6 of the rules governing the award of the State President's Sports Award, approved that the following South African sportswoman and sportsmen receive the said award for 1973, in recognition of their outstanding achievements in the field of sport:

Marcello Luigi Fiasconaro: Athletics.
Daniël Johannes Malan: Athletics.
Arnold Theodore Taylor: Boxing.
Josias Andries Engelbrecht: Angling.
Joyce Gonda Betrix: Equestrian sport.

GENERAL NOTICES

NOTICE 76 OF 1974

COMMUNITY DEVELOPMENT ACT, 1966

NOTICE IN TERMS OF REGULATION 3 (3) PUBLISHED IN GOVERNMENT NOTICE 1247, DATED 19 AUGUST 1966

Notice is hereby given that—

(a) the list of affected properties in respect of the group area Kimberley (Indian), in the District of Kimberley, Province of the Cape, as defined in the

Bylae tot Proklamasie 78, 1973, gepubliseer in *Staatskoerant* 3814, gedateer 23 Maart 1973, opgestel is kragtens artikel 29 van die Wet op Gemeenskapsontwikkeling, 1966 (Wet 3 van 1966);

(b) besonderhede aangaande eiendomme wat in die lys opgeneem is kan verkry word van die kantoor van die Streekverteenwoordiger, Departement van Gemeenskapsbou, Privaatsak X5002, Kimberley;

(c) alle eienaars van sodanige eiendom en alle houers van geregistreerde verbande daaroor en enige ander belanghebbendes word hiermee aangesê om indien hulle enige beswaar het teen sodanige insluiting van die eiendom in die lys, hulle skriftelike besware met vermelding van die gronde van beswaar binne 21 dae na die datum van hierdie kennisgewing by die Gemeenskapsontwikkelingsraad in te dien.

J. G. BLAAUW, Streekverteenwoordiger, Departement van Gemeenskapsbou, Privaatsak X5002, Kimberley, 8300.

(8 Februarie 1974)

Schedule to Proclamation 78, 1973, published in *Government Gazette* 3814, dated 23 March 1973, has been compiled in terms of section 29 of the Community Development Act, 1966 (Act 3 of 1966);

(b) details regarding the properties included in the list can be obtained from the office of the Regional Representative, Department of Community Development, Private Bag X5002, Kimberley;

(c) all owners of properties included in the list and all holders of bonds registered over such properties and any other interested parties are hereby called upon to lodge with the Community Development Board, in writing, any objections they may have to the inclusion of such properties in the said list, together with the reasons therefore, within 21 days of the date of publication hereof.

J. G. BLAAUW, Regional Representative, Department of Community Development, Private Bag X5002, Kimberley, 8300.

(8 February 1974)

KENNNISGEWING 77 VAN 1974

DEPARTEMENT VAN POS- EN TELEKOMMUNIKASIEWESE

STAATSGROND PER OPENBARE TENDER TE KOOP AANGEBIED

Hiermee word kennis gegee dat bogemelde Departement ondergenoemde Staatsgrond per openbare tender te koop aanbied en tenders vir die koop daarvan vra kragtens die bepalings van die Wet op die Beskikking oor Staatsgrond, 1961:

Erf 131, Wolmaransstad, groot tweeduisend agthonderd vyf-en-vyftig (2 855) vierkante meter.

Volledige besonderhede kan by die Posmeester-generaal, Posbus 2648, Pretoria, 0001, of Somersetgebou 60, Vermeulenstraat 178, Pretoria, 0002 (telefoon 48-6114x24), verkry word.

(8 Februarie 1974)

NOTICE 77 OF 1974

DEPARTMENT OF POSTS AND TELECOMMUNICATIONS

STATE-OWNED LAND OFFERED FOR PURCHASE BY PUBLIC TENDER

Notice is hereby given that the above-mentioned Department offers for purchase by public tender the undermentioned State-owned land and invites tenders for its purchase in terms of the provisions of the State Land Disposal Act, 1961:

Erf 131, Wolmaransstad, measuring two thousand eight hundred and fifty-five (2 855) square metres.

Full particulars may be obtained from the Postmaster General, P.O. Box 2648, Pretoria, 0001, or 60 Somerset House, 178 Vermeulen Street, Pretoria, 0002 (telephone 48-6114x24).

(8 February 1974)

KENNISGEWING 78 VAN 1974

DEPARTEMENT VAN POS- EN TELEKOMMUNIKASIEWESE

STAATSGROND PER OPENBARE TENDER TE KOOP AANGEBIED

Hierby word kennis gegee dat bogemelde Departement ondergenoemde staatsgrond per openbare tender te koop aanbied en tenders vir die koop daarvan vra kragtens die bepalings van die Wet op die Beskikking oor Staatsgrond, 1961:

Sekere Gedeelte 1 van Erf 26 geleë aan Tweede Straat in die dorpsgebied Powerville, distrik Vereeniging, groot eenduisend vyfhonderd en elf (1 511) vierkante meter.

Volledige besonderhede kan by die Posmeester-generaal, Posbus 2648, Pretoria, 0001, of die Streekdirekteur, Transvaal, Kamer 632w, Munitoria, Pretoria, 0002, verkry word.

(8 Februarie 1974)

NOTICE 78 OF 1974

DEPARTMENT OF POSTS AND TELECOMMUNICATIONS

STATE-OWNED LAND OFFERED FOR PURCHASE BY PUBLIC TENDER

Notice is hereby given that the above-mentioned Department offers for purchase by public tender the undermentioned State-owned land and invites tenders for its purchase in terms of the provisions of the State Land Disposal Act, 1961:

Certain Portion 1 of Erf 26, situate on Second Street in the Township of Powerville, District of Vereeniging, in extent one thousand five hundred and eleven (1 511) square metres.

Full particulars may be obtained from the Postmaster-General, P.O. Box 2648, Pretoria, 0001, or the Regional Director, Room 632w, Munitoria, Pretoria, 0002.

(8 February 1974)

KENNISGEWING 83 VAN 1974

DEPARTEMENT VAN LANDBOUKREDIET EN GRONDBESIT

STAATSGROND BESKIKBAAR VIR TYDELIKE HUUR

Aansoeke word ingewag om die tydelike huur van ondergemelde hoewe.

Die Staat behou hom die reg voor om die hoewe wat hierby vir tydelike huur aangebied word, te eniger tyd terug te trek.

Aansoeke moet ingedien word op die voorgeskrewe aansoekvorm (LKG 86), wat verkrygbaar is by enige landdroskantoor, uitgesonderd die landdroskantoor te Pretoria, asook by die Sekretaris van Landboukrediet en Grondbesit, Privaatsak X118, Pretoria, 0001.

Alle aansoeke moet aan die Sekretaris van Landboukrediet en Grondbesit gestuur word (Kamer 916), sodat dit hom nie later as 25 Februarie 1974 bereik nie. Aansoeke moet nie by landdroskantore ingedien word nie.

Provinsie Transvaal

1. (a) 'n Gedeelte van die restant van die plaas Kliprand 76 JR, groot ongeveer 472,805 7 hektaar;

(b) 'n gedeelte van die resterende gedeelte van Gedeelte B van die plaas Kameelrivier 77 JR, groot ongeveer 201,285 0 hektaar; en

(c) 'n gedeelte van Gedeelte 4 van Gedeelte A van die plaas Kameelrivier 77 JR, groot ongeveer 34,261 3 hektaar;

almal geleë in die distrik Warmbad.

Jaarlikse huurgeld R552.

Spesiale Voorwaardes

Hoogstens 92 grootvee-eenhede mag op die grond aangehou word. Geen bewerking van lande sal toegelaat word nie.

(8 Februarie 1974)

NOTICE 83 OF 1974

DEPARTMENT OF AGRICULTURAL CREDIT AND LAND TENURE

STATE LAND AVAILABLE FOR TEMPORARY LEASE

Applications are invited for the temporary lease of the undermentioned holding.

The State reserves the right to withdraw at any time the holding hereby offered for temporary lease.

Applications must be lodged on the prescribed form (LKG 86), which is obtainable from all Magistrates' offices, except the Magistrate's Office, Pretoria, as well as from the Secretary for Agricultural Credit and Land Tenure, Private Bag X118, Pretoria, 0001.

All applications should be forwarded to the Secretary for Agricultural Credit and Land Tenure (Room 916), to reach him not later than 25 February 1974. Applications should not be handed in at Magistrates' offices.

Province of the Transvaal

1. (a) A portion of the remainder of the farm Kliprand 76 JR, approximately 472,805 7 hectares in extent;

(b) a portion of the remainder of Portion B of the farm Kameelrivier 77 JR, approximately 201,285 0 hectares in extent; and

(c) a portion of Portion 4 of Portion A of the farm Kameelrivier 77 JR, approximately 34,261 3 hectares in extent;

all situate in the District of Warmbaths.

Annual rental R552.

Special Conditions

Not more than 92 large stock units may be kept on the land. No cultivation of lands will be allowed.

(8 February 1974)

KENNISGEWING 79 VAN 1974—NOTICE 79 OF 1974

DEPARTEMENT VAN POS- EN TELEKOMMUNIKASIEWESE—DEPARTMENT OF POSTS AND TELECOMMUNICATIONS

STAAT VAN INKOMSTE EN UITGAWE: DESEMBER 1973
STATEMENT OF INCOME AND EXPENDITURE: DECEMBER 1973

	Begroting Estimates	Maand Desember Month of December		Totaal: April–Desember Total: April–December		
	1973–74	1973	1972	1973–74	1972–73	
	R	R	R	R	R	
Inkomste						*Revenue*
Telekommunikasiedienste	293 132 000	25 798 871	17 560 719	215 756 142	164 341 182	Telecommunications services.
Posdienste	72 605 000	6 724 969	6 298 149	54 621 399	51 573 317	Postal services.
Agentskapdienste	5 488 000	372 043	305 218	4 262 409	3 620 105	Agency services.
Totaal R	371 225 000	32 895 883	24 164 086	274 639 950	219 534 604	Total.
Uitgawe						*Expenditure*
Bedryfsuitgawe:						Operating expenditure:
Pos- en telekommunikasiedienste R	338 872 000	30 915 393	17 075 347	240 791 761	169 186 700	Postal and telecommunications services.
Kapitaaluitgawe:						Capital expenditure:
Telekommunikasiedienste	138 735 000	11 503 517	9 491 123	99 204 602	84 558 372	Telecommunication services.
Voertuie	2 535 000	238 693	263 315	1 019 756	2 104 735	Vehicles.
Kantoor-, elektroniese dataverwerkings- en pos- en voorraadhanteringsuitrusting	1 140 000	6 980	46 037	1 260 116	581 167	Office, electronic data processing and mail and stores handling equipment.
Aankoop van grond	1 500 000	35 030	41 570	508 723	872 718	Purchase of land.
Behuising	1 000 000	28 849	88 418	695 086	1 103 700	Housing.
Geboue	18 090 000	1 813 074	1 260 198	10 754 166	9 661 428	Buildings.
Totaal R	163 000 000	13 626 143	11 190 661	113 442 449	98 882 120	Total.

KENNISGEWING 81 VAN 1974

SUID-AFRIKAANSE RESERWEBANK

Staat van bates en laste op die 25ste dag van Januarie 1974

Laste	R
Kapitaal	2 000 000,00
Reserwefonds	15 785 392,72
Note in omloop	706 658 589,00
Deposito's:	
Regering	502 352 561,05
Provinsiale administrasies	32 733 896,29
Bankiers	237 550 167,03
Andere	27 658 641,57
Ander laste	210 639 111,47
	R1 735 378 359,13

Bates	R
Goud	550 990 579,88
Buitelandse:	
Wissels	13 779 461,62
Beleggings	14 013 637,91
Ander bates	193 726 621,61
Totaal aan goud en buitelandse bates	772 510 301,02
Binnelandse:	
Gediskonteerde wissels	107 440 000,00
Lenings en voorskotte:	
Regering	—
Andere	303 491 830,44
Sekuriteite:	
Regering	343 367 772,15
Andere	4 653 023,81
Ander bates	203 915 431,71
	R1 735 378 359,13

Verhouding van goudreserwe tot verpligtings teenoor die publiek min buitelandse bates 40,0 persent.

Pretoria, 30 Januarie 1974. N. VAN DER WESTHUIZEN, Hoofbestuurder.

NOTICE 81 OF 1974

SOUTH AFRICAN RESERVE BANK

Statement of assets and liabilities on the 25th day of January 1974

Liabilities	R
Capital	2 000 000,00
Reserve Fund	15 785 392,72
Notes in circulation	706 658 589,00
Deposits:	
Government	502 352 561,05
Provincial administrations	32 733 896,29
Bankers	237 550 167,03
Other	27 658 641,57
Other liabilities	210 639 111,47
	R1 735 378 359,13

Assets	R
Gold	550 990 579,88
Foreign:	
Bills	13 779 461,62
Investments	14 013 637,91
Other assets	193 726 621,61
Total gold and foreign assets	772 510 301,02
Domestic:	
Bills discounted	107 440 000,00
Loans and advances:	
Government	—
Other	303 491 830,44
Securities:	
Government	343 367 772,15
Other	4 653 023,81
Other assets	203 915 431,71
	R1 735 378 359,13

Ratio of gold reserve to liabilities to the public less foreign assets 40,0 per cent.

Pretoria, 30 January 1974. N. VAN DER WESTHUIZEN, General Manager.

(8 Februarie 1974)/(8 February 1974)

KENNISGEWING 84 VAN 1974

Ondergenoemde ruwe of ongeslypte diamante is gevind deur die persoon, op die plek en op die datum soos hieronder vermeld, en kennis geskied hierby dat, tensy genoemde diamante binne 21 (een-en-twintig) dae na die datum hiervan deur hulle regmatige eienaar opgeëis word, hulle volgens wet verkoop sal word:

Twee ruwe of ongeslypte diamante	4,1 karaat	Takbevelvoerder, Diamant-/Goudtak, Barkly-Wes	Gedurende Februarie 1973 deur die Standard Bank, Barkly-Wes, van 'n firma, Chaumet, Frankryk, ontvang.

Inligting in dié verband moet gestuur word aan die Bevelvoerende Offisier, Diamant-/Goudtak, Privaatsak 5039, Kimberley.

(8 Februarie 1974)

NOTICE 84 OF 1974

The undermentioned rough or uncut diamonds were found by the person, at the place and on the date as stated below, and notice is hereby given that, unless the said diamonds are claimed by their lawful owner within 21 (twenty-one) days of the date hereof, they will be sold in accordance with the law:

Two rough or uncut diamonds	4,1 carats	Branch Commander, Diamond/Gold Branch, Barkly West	Received February 1973 by the Standard Bank, Barkly-West, from a firm Chaumet, France.

Information in this connection should be sent to the Commanding Officer, Diamond/Gold Branch, Private Bag 5039, Kimberley.

(8 February 1974)

KENNISGEWING 82 VAN 1974

IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA
(Transvaalse Provinsiale Afdeling)

RONDGAANDE HOF

Hierby word vir algemene kennis bekendgemaak dat die Rondgaande Hof in Transvaal in die rondgangdistrikte, op die plekke en op die datums, of so spoedig moontlik daarna gehou sal word soos hieronder vermeld:

NOORDELIKE RONDGANG PLAASLIKE AFDELING

Louis Trichardt, 19 Februarie 1974 tot 26 Februarie 1974.
Phalaborwa, 27 Februarie 1974 tot 28 Februarie 1974.
Tzaneen, 1 Maart 1974 tot 7 Maart 1974.
Pietersburg, 8 Maart 1974 tot 12 Maart 1974.
Potgietersrus, 13 Maart 1974 tot 15 Maart 1974.
Warmbad, 18 Maart 1974 tot 19 Maart 1974.

Geteken te Pretoria op hede die 31ste dag van Januarie 1974.

P. M. CILLIÉ, Regter-president van die Transvaalse Provinsiale Afdeling van die Hooggeregshof van Suid-Afrika.

(8 Februarie 1974)

NOTICE 82 OF 1974

IN THE SUPREME COURT OF SOUTH AFRICA
(Transvaal Provincial Division)

CIRCUIT COURT

It is hereby notified for general information that the Circuit Court in the Transvaal will sit in the Circuit Districts, at the places and on the dates, or as soon thereafter as may be possible, as mentioned hereunder:

NORTHERN CIRCUIT LOCAL DIVISION

Louis Trichardt, 19 February 1974 to 26 February 1974.
Phalaborwa, 27 February 1974 to 28 February 1974.
Tzaneen, 1 March 1974 to 7 March 1974.
Pietersburg, 8 March 1974 to 12 March 1974.
Potgietersrus, 13 March 1974 to 15 March 1974.
Warmbaths, 18 March 1974 to 19 March 1974.

Dated at Pretoria this 31st day of January 1974.

P. M. CILLIÉ, Judge President of the Transvaal Provincial Division of the Supreme Court of South Africa.

(8 February 1974)

KENNISGEWING 87 VAN 1974

DEPARTEMENT VAN VERVOER

WET OP LUGDIENSTE, 1949 (WET 51 VAN 1949), SOOS GEWYSIG

Hierby word ingevolge die bepalings van artikel 5 (a) en (b) van Wet 51 van 1949 en regulasie 5 van die Regulasies vir Burgerlugdienste, 1964, vir algemene inligting bekendgemaak dat die Nasionale Vervoerkommissie die aansoeke waarvan besonderhede in die Bylaes hieronder verskyn, sal aanhoor.

Vertoë ingevolge artikel 6 (1) van Wet 51 van 1949 ter ondersteuning, of bestryding van 'n aansoek moet die Sekretaris van Vervoer (Afdeling Burgerlugvaart), Privaatsak X193, Pretoria, 0001, binne 21 dae vanaf die datum van hierdie publikasie bereik en daarin moet gemeld word of die persoon of persone wat aldus vertoë rig, van plan is om die verrigtings by te woon of om daar verteenwoordig te word.

Die Kommissie sal reël dat kennis van die datum, tyd en plek van die verrigtings skriftelik gegee word aan die applikant en al die persone wat aldus vertoë gerig het en wat verlang om aldus verteenwoordig of teenwoordig te wees.

BYLAE B

LYS VAN AANSOEKE OM HERNUWING VAN LISENSIES

(A) Naam en adres van applikant. (B) Naam waaronder die lugdiens geëksploiteer word. (C) Soort lugdiens ten opsigte waarvan hernuwing aangevra word en die nommer en datum van bestaande lisensie. (D) Besonderhede van lisensie. (i) Basis(se). (ii) Roete(s). (iii) Gebied wat bedien gaan word. (iv) Soort verkeer wat vervoer gaan word. (v) Soort opleiding wat verskaf gaan word. (vi) Soort werk wat onderneem gaan word. (vii) Tariefskaal. (E) Lugvaartuie wat gebruik gaan word.

(A) Twinair (Edms.) Bpk., Posbus 6002, Durban-Noord, 4016. (B) Twinair. (C) Vliegopleidingslugdienslisensie 651, gedateer 8 Februarie 1968. (D) (i) Kokstad en Virginia-vliegveld. (v) *Ab initio* tot die standaard van Handelsvlieëniers. (vii) R12 per uur. (E) Piper PA28-140 ZS-ISF, ZS-IKY, ZS-FWR en ZS-ISH.

NOTICE 87 OF 1974

DEPARTMENT OF TRANSPORT

AIR SERVICES ACT, 1949 (ACT 51 OF 1949), AS AMENDED

